## BOEKBESPREKING

*According to Promise* — Charles H. Spurgeon. Baker Book House, Grand Rapids Michigan.

Spurgeon sê in die voorwoord: Dinge wat eners lyk mag teenoorgesteld wees teenoor mekaar. Dis moontlik dat iemand mag lyk soos 'n erfgenaam van die hemel en tog 'n kind van die toorn mag wees. En dit sonder om dit self te besef.

Die eerste deel van die boek dien as hulp by selfondersoek. In 'n paar preke oor Isak en Ismael word gehandel oor die verskil in oorsprong, die twee lewens en die verskil in hulle verwagtinge asook die gevolg. Die verskil is gegrond daarin dat Isak die seun van God se belofte was. Dis die genade van God wat onderskeid maak.

Die tweede deel van die werk handel dan o.a. oor die beloftes van God, hoedat 'n mens dit jou eie kan maak en Jesus en God se beloftes.

Dit kan met vrug gelees word.

*Fathers of the Bible* — C. P. Darne. Baker Book House, Grand Rapids, Michigan.

Dis 'n reeks met die tema: vaders in die Bybel — sewentien karaktersketse. Hierin wil die skrywer die belangrikheid van die rol van die vader benadruk.

Uit hierdie gesigspunt is dit interessant om die opskrifte te lees en dan is 'n mens nuuskierig om te weet op watter vaders dit betrekking het. Ons noem net 'n paar:

„A delinquent father" — Samuel.

„A busy father" — Salomo wat so gepresteer het en besig was. Die skrywer is van mening dat hy sy plig teenoor sy seun Rehabeam versuim het.

„An easy-going father" — Isak.

„An exemplary father" — Sagaria.

„An old fashioned father" — Josua.

„A praying father" — Job.

In sommige gevalle is die afleiding wat uit die Skrifverhaal gemaak word duidelik en korrek. In ander gevalle wil n mens 'n vraagteken daar plaas.

J. L. Vorster.